higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

INLEIDING TOT REKENAARS
NKR VLAK 2

(10040052)

12 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Sakrekenaars mag NIE gebruik word nie.

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Hou onderafdelings van vrae bymekaar.
5. Sketse moet netjies wees.
6. Skryf netjies en leesbaar.

NCV

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies ’n term uit KOLOM B wat pas by ’n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B
1.1.1	’n Reeks van agt bisse	A ISP
1.1.2	Die internetprotokol wat gebruik word om e-pos na ’n e-posbediener te stuur	B digitale
1.1.3	’n Hulpmiddel wat die disket vir foute ondersoek	C brandmuur
1.1.4	’n Maatskappy wat internetverbindings en -dienste aan individue en organisasies verskaf	D greep
1.1.5	Template wat temas en uitleg verskaf om aanbiedings vinnig en maklik te skep	E skandeer disket
1.1.6	’n Hoeveelheid met ’n diskrete stel waardes	F loop
1.1.7	Gekenmerk deur stygtyd, valtyd en amplitude	G disketaandrywing
1.1.8	’n Deel van ’n rekenaarstelsel of -netwerk wat ontwerp word om die netwerk te beskerm en ongemagtigde toegang te blokkeer	H drukker
1.1.9	’n Venster wat jou in staat stel om programme vanaf die opdraglyn van die persoonlike rekenaar te laat loop	I SMTP
1.1.10	Die gewildste uitset-randapparatuur wat harde kopieë produseer	J PowerPoint
		K POP
		L puls

(10 × 1) (10)

1.2 Noem die verskil tussen die Boole-operateurs AND en OR wat in ’n uitdrukking gebruik word.

1.2.1 Gebruik distributiewe wet om die volgende uitdrukking te evalueer:

X.(Y+X)

1.2.2 Gebruik kommutatiewe wet om die volgende uitdrukking te evalueer:

X+Y

(2 × 2) (4)

Kopiereg voorbehou

1.3 Noem DRIE getallestelsels wat in ’n digitale rekenaar gebruik word. (3)

1.4 Omskep die volgende getalle na desimale vorm. Toon AL die stappe.

1.4.1 $(10100)_2$

1.4.2 $(111000)_2$

(2 × 3) (6)

1.5 Omskep die volgende oktaalgetalle na binêre vorm. Toon AL die stappe.

$(3)_8$ (2)

1.6 Wat is die heksadesimale syfer van die volgende nommers:

1.6.1 $(11)_{10}$

1.6.2 $(14)_{10}$

(2 × 2) (4)

1.7 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vraag gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.7) in die ANTWOORDBOEK neer.

’n Volatiele programmeerbare skakeltegnologie (‘volatile programmable link technology’) is: Kies slegs een antwoord.

A Fuse
B EPROM
C SRAM
D EEPROM (1)

[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

NCV

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Verduidelik TWEE tipes rekenaargeheue. (2)

2.2 Noem VYF deurlopende aspekte in die onderhoud en versorging van 'n rekenaar.

2.3 Bestudeer die opdragbalk in FIGUUR 1 hieronder en noem die geëtiketteerde items. Skryf slegs die antwoord langs die letter (A–E) in die ANTWOORDBOEK neer. (5)



FIGUUR 1 (5)

2.4 Gee TWEE redes waarom 'n disket geformateer word. (2)
[14]

VRAAG 3

3.1 Wat is 'n *intranet*? (2)

3.2 E-pos het baie voordele bó konvensionele pos.

Noem enige DRIE voordele van die gebruik van e-pos. (3)

3.3 Die e-posadres afdeling van die boodskap bied drie opsies vir die spesifisering van die ontvangers van die boodskap.

3.3.1 Noem TWEE opsies vir die spesifisering van die ontvangers van die boodskap.

3.3.2 Noem TWEE e-pos protokolle.

(2 × 2) (4)

3.4 Waarvoor staan die afkorting ISP? (2)

3.5 Noem VYF komponente van 'n rekenaar. (5)

3.6 Noem die verskil tussen WLAN en WWAN. (2)

3.7 Gee DRIE tipes topologieë. (3)

3.8 Noem DRIE tipes netwerkbekabeling wat algemeen gebruik word. (3)
[24]

VRAAG 4

4.1 Verduidelik die verskil tussen *kliënttoepassing* en *webgebaseerde toepassing*. (4)

4.2 Noem enige TWEE voorbeelde van webgebaseerde toepassings. (2)

4.3 Gee enige TWEE voorbeelde van webblaaiers. (2)

4.4 Noem enige VIER webtransaksies wat op die internet uitgevoer kan word. (4)

4.5 Foutopsporing is oor probleemoplossing – om te soek vir die bron van 'n probleem sodat die probleem opgelos kan word.

Noem DRIE tipes rekenaarfoutopsporing. (3)
[15]

VRAAG 5

5.1 Noem enige VIER voorbeelde van soekenjins. (4)

5.2 Bestudeer die skermdruk op FIGUUR 2 hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



FIGUUR 2

5.2.1 Wat is die lêer-uitbreiding van ’n Microsoft PowerPoint aanbieding? (2)

5.2.2 Wat is die verstek lêernaam van die toepassing in FIGUUR 2 hierbo? (1)

5.3 Noem enige DRIE tipes animasies wat op ’n skuifie-aanbieding toegepas kan word. (3)

5.4 Gee VYF stappe wat gevolg moet word wanneer ’n aanbieding gedruk word as uitdeelstukke. (5)

5.5 Verduidelik TWEE voordele om uitdeelstukke te druk eerder as om vol bladsy skuifies te druk. (2)
[17]

TOTAAL AFDELING B: 70
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou